INLIGTING VIR LEERDERS / ONDERWYSERS / EKSAMENBEAMPTES

Graag wil ons net die volgende reëlings in verband met die eksamen onder u aandag bring:

Reëlings is geldig vir Matrieks vir al die lokale waar eksamens afgelê word vanaf 6 September tot 24 September.

Oggendprosedure

08:00	SKANDERING
08:20	SITPLEKKE
08:25	OPENING
08:30	AFKONDIGINGS
08:35	EKSAMENREËLS
08:40	UITDEEL VAN VRAESTELLE
08:50	LEESTYD
09:00	SKRYFTYD BEGIN

REËLS IN DIE EKSAMENLOKAAL [Moet voor elke sessie voorgelees word]

1. Leerders moet tasse of sakke voor in die lokaal plaas tydens die skryfsitting.
2. Leerders moet streng alfabeties gerangskik word.
3. Geen skryfbehoefteshouer / pennesakkie, ens. mag by die leerder wees nie.
4. Leerders mag slegs met deurskynende penne skryf: slegs blou of swart.
5. Uitveërs mag nie papiertjies om hê nie.
6. Geen ongebruikte skryfpapier mag in die hande van leerders wees nie.
7. Geen waterbottels mag in die eksamenlokaal ingeneem word nie.
8. Sakrekenaars moet tydens die skryfsitting uit omhulsels gehaal word.
9. Leerders mag nie op liniale skryf nie.
10. Geen notas, memorandums, werkboeke, handboeke of kaarte mag in die lokaal geneem word nie.
11. Geen selfoon / slimfoon / slimhorlosie word in die eksamenlokaal toegelaat nie.
12. Gedurende leestyd mag leerders nie skryf of enigiets onderstreep of “high light” nie. Hulle moet hulself vergewis van die instruksies en spesifieke opdragte by elke afdeling of vraag, die tydindeling, ens.
13. Geen leerder mag met ‘n ander leerder praat nie.
14. Geen afkykery of afskrywery word toegelaat nie.
15. Alle opdragte van die opsiener moet stiptelik uitgevoer word.
16. Leerders moet aan beide kante van die papier skryf.
17. Geen leerder mag tydens die eksamen die eksamenlokaal verlaat om kleedkamer toe te gaan nie. As daar egter ‘n groot krisis is, moet die leerder spesiale toestemming van die opsiener kry om die lokaal te verlaat. Die leerder se antwoordstel sal ingeneem word en die leerder sal nie toegelaat word om verder te skryf nie. Slegs as ‘n personeellid die leerder vergesel het, sal die leerder toegelaat word om verder te skryf. Skakel met die eksamenbeampte.
18. Geen ongedissiplineerde optrede sal geduld word nie.
19. Geen op- of aanmerkings mag op vraestelle of antwoordstelle geskryf word nie. Leerders wat hulle hieraan skuldig maak, sal vir die eksamen gediskwalifiseer word.
20. Leerders mag nie voor die tyd verstreke is werk uit die eksamenboek skeur nie.
21. Leerders mag nie praat terwyl antwoordstelle ingeneem word nie.
22. **Alle leerders moet hul vraestel en antwoordstel ingee**. Die leerder moet sy/haar naam op beide dokumente skryf. Dit is verpligtend vir kontroledoeleindes.
23. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om toe te sien dat die antwoordstel en vraestel ingeneem word. Die opsiener moet egter 100% seker maak dat elke vraestel en antwoordstel ingeneem word en in die korrekte rakkie geplaas word.
24. Die voorkoms en kleredrag van leerders moet absoluut in lyn met die skoolreëls wees.
25. As leerders enige van bogenoemde reëls oortree, moet dit **onmiddellik** na afloop van die skryfsitting by die adjunkhoof: akademie aangemeld word. Hy sal die saak ondersoek en na die SAOK verwys.

PROSEDURES WAT DIE LEERDERS MOET VOLG

1. Sorg dat jy op die WhatsApp-groep vir jou **graad** en vir elke **vak** is.
2. Alle leerders is **verplig** om eksamen en amptelike toetse te skryf.
3. As 'n leerder nie 'n toets of eksamen kan aflê nie, moet die betrokke vakonderwyser en die adjunkhoof: akademie betyds daarvan in kennis gestel word. Toestemming sal slegs in die volgende gevalle oorweeg word:
    - Dood van naaste familie: doodsertifikaat kan aangevra word.
    - Ernstige siekte: 'n Doktersertifikaat moet by adjunkhoof: akademie ingehandig word. Hierdie sertifikaat sal dan in die afwesigheidskantoor geliaseer word.
4. Eksamentye moet absoluut eerbiedig word. Geen leerder sal toegelaat word om vroëer of later te skryf nie. **Geen uitsonderings sal gemaak word nie.**
5. As 'n leerder 'n wettige rede of verskoning het om nie 'n toets of eksamen af te lê en dit betyds volgens voorskrifte gereël is, sal sodanige leerder nie gepenaliseer word nie. Hierdie leerders sal dan 'n **(a)** op die rapport kry wat sal aandui dat die leerder tydens die eksamen afwesig was, maar 'n geldige rede daarvoor gehad het. Hierdie leerder word dus nie benadeel nie.
6. As 'n leerder egter nie vir 'n toets of eksamen opdaag nie en nie 'n geldige rede daarvoor kan aanvoer nie, sal sodanige leerder **(nul)** kry. Sodanige leerder diskwalifiseer hom of haar ook van enige toekennings of prestasietoekennings of akademiese ranglyste. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.
7. Leerders moet alle **opdragte van die toesighouer en die eksaminator** stiptelik uitvoer. Geen disrespekvolle optrede teenoor die opsiener of enige op- of aanmerkings op antwoordstelle sal geduld word nie. Sodanige leerders sal [nul] vir die vraestel kry. Oortredings in hierdie verband sal deur die skool se SAOK hanteer word.
8. **Geen notas of selfone** of **slimhorlosies** mag in die eksamenlokaal tydens die skryfsitting ingeneem word nie. Al gebruik 'n leerder dit nie tydens die skryfsitting nie, maak bloot die besit van die notas of selfoon of slimhorlosie hom of haar skuldig aan oneerlikheid. Geen oneerlikheid sal geduld word nie. Leerders mag nie afskryf, rondkyk of gesels tydens die skryfsitting nie.
9. Betree die terrein met jou masker, jou handreiniger en net die nodige skryfbehoeftes.
10. Maak seker van die **AANMELDTYD (dit sal voor die tyd eksamen aan jou gestuur word)** en hou stiptelik daarby.
11. Maak seker by watter lokaal / plek jy geskandeer gaan word – kunssentrum of skoolsaal of noordwestelike ingang (die gangetjie tussen PEC en AVSN se klasse)
12. Tree op die geel / swart / wit merkies aan en handhaaf 'n veilige afstand van 1,5 meter.
13. Bly stil in die ry – 'n eksamenatmosfeer moet heers (Soms is daar reeds leerders / matrieks wat skryf).
14. Saniteer jou hande en voete by die ingang van die lokaal.
15. Wag jou beurt af en staan regop en stil vir 'n akkurate tempertuurlesing.
16. Skryf die lesing op jou koorsbrief neer, antwoord die vrae en onderteken dit.
17. Wag vir die stempel en neem die koorsbrief saam na die eksamenlokaal en plaas dit in die plastieksakkie teen die deur.
18. Handhaaf die afstand van 1,5 meter.
19. Neem jou sitplek in en saniteer dit weer; raak gewoond aan jou omgewing.
20. Neem jou selfoon **(wat reeds in 'n sakkie is met jou naam op)** en plaas dit op bevel van die toesighouer op die tafel of verhoog.
21. Neem jou sitplek in en voer die instruksies van die toesighouer noukeurig uit.
22. Die eksamenreëls sal aan jou voorgehou word.
23. Daarna sal jou vraestel uitgedeel en deurgeblaai word. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
24. Pas die reëls streng toe.

25. Elke leerder moet sy of haar eie **skryfbehoeftes en hulpmiddels** soos sakrekenaars en krammasjiene saambring. Geen leerder sal toegelaat word om tydens die skryfsitting enige apparaat by ‘n maat te leen nie. Geen uitsonderings sal gemaak word nie. Leerders moet besef dat eksamens hul toekoms raak; daarom moet hul eienaarskap vir hul eie vordering aanvaar.
26. Gee jou antwoordstel en vraestel in aan die einde van die skryfsitting.
27. Kry jou selfoon of slimhorlosie.
28. Verlaat die lokaal en handhaaf ‘n veilige afstand van 1,5 meter.
29. Verlaat die terrein onmiddellik.

SELFOONBELEID

1. Laat jou selfoon liewers tuis, want dit skep ‘n uiters onveilige omgewing.
2. As jy jou selfoon moet saambring, geld die volgende reëls:
    a. Sit jou selfoon reeds by die huis af;
    b. Plaas dit by die huis in ‘n plastieksakkie;
    c. Skryf jou naam by die huis op ‘n etiket of stukkie papier en plak dit op die sakkie of plaas dit in die sakkie;
    d. Saniteer die sakkie en plaas jou selfoon op die tafel of verhoog soos die toesighouer aandui;
    e. Neem jou selfoon aan die einde van die sessie wanneer die toesighouer so beveel;
    f. As jou selfoon by jou gekry word, sal jy voor die SAOK verskyn en NUL vir die vraestel kry! Geen uitsonderings sal gemaak word nie. Hierdie is ‘n baie ernstige oortreding.
    g. As jou selfoon in die proses wegraak, aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir die vervanging daarvan nie.